Graad 9.

Sosiale wetenskappe.

Geografie.

Week 8: 10-14 Augustus

Antwoorde op aktiwiteit gedoen in Geskiedenis.

Geskiedenis Onderwerp 7: Werksvel B

1. Dit is die gebied waar baie gefossileerde bene en kulturele oorblyfsels gevind is, bewys van die evolusie (ontwikkeling) van die mens vanuit vroeë aapmense. (2)
2. Sterkfontein, Swartkrans en Kromdraai (3)
3. Biologiese evolusie is die verklaring vir hoe alle lewende dinge verander of mettertyd ontwikkel uit 'n enkele gemeenskaplike oertipe. Genetiese veranderinge kom voor wat nuwe wesens maak wat van voriges verskil namate hulle met verloop van tyd by hul omgewing aanpas. (3)
4. Mev. Ples (1)
   - **4.1** Australopithecus africanus (Plesianthropus transvaalensis) – (1)
   - **4.2** Mnr. Ples (1)
   - **4.3** Sterkfonteingrot, 1947 (2)
5. Dr. Hendrik Verwoerd (1)
6. Die Wet op Swart Grondbesit het aan blankes eienaarskap van 87% van die grondgebied gegee, wat net 13% vir swartmense gelaat het, hoewel swartmense 70% van die bevolking uitgemaak het. Swartmense in landelike gebiede wat deur blankes besit is, het pagters en loonarbeiders geword, en kon nie langer onafhanklik boer nie. Grond in die reservate was erg geërodeer weens oorbewerking. Swartmense het verarm. (5)
7. Wet op Stedelike Gebiede, goedgekeur in 1923 (1)
8. Paswette en die Kleurslagboomwet van 1926 (2)
9. Die doelwit van die paswette was om die beweging van swart werkers in blanke stedelike gebiede te reguleer. Alle swart mans moes ten alle tye 'n pasboek dra, wat aan hulle toegang tot blanke gebiede verleen het om daar te werk. Die pasboek was hul bewys dat hulle toestemming gehad het om in blanke gebiede te werk. As hulle nie hul pasboeke by hulle gehad het nie, sou hulle gearresteer word. (4)
10. Die regering het 156 mense in hegtenis geneem, en hulle van verraad aangekla. (2)
11. Verraad is 'n misdaad teen die staat, gewoonlik met die doel om die regering omver te werp. Dit is gewoonlik 'n gewelddadige omverwerping. Mense wat van verraad aangekla word, word verraaiers genoem. (3)
12. Al die beskuldigdes is onskuldig bevind. (1)
13. Die weerstand is tot stilstand gebring omdat die meeste van hulle leiers vir die duur van die verhoor opgesluit is. Leerders mag ook opmerk dat dit die weerstandsbeweging kon help, omdat die leiers onskuldig bevind is. (2)
14. Om teen die paswette te protesteer. (2)
15. Wathint'abafazi, wathint'imbokodo! ('as jy 'n vrou slaan, tref jy 'n rots'). Aanvaar enige redelike antwoord wat aandui dat vroue sterk, onvervangbaar, ens. is. (2)
16. Helen Joseph, Lillian Ngoyi, Rahima Moosa, Sophy Williams (*Enige twee*) (2)

[Totaal 40 punte]

Lees deur bladsy 63.

Die impak van menslike aktiwiteite op verwering.

- Hoe dra ons as mens by tot die verwering van die natuur
- Kyk na jou sleutelwoorde.

Doen aktiwiteit 2 Bl 64